# *Israel En Die Kerk 4*

In die Boek van Númeri, het ons gisteraand geblaai, ons het vier stadiums gehad, drie stadiums van die reis, om hierdie week te neem, van die pelgrimstog van die kinders van Israel, wat tipeer, omdat ons glo in tipologie, wat die Ou Kerk tipeer met die Nuwe; hulle in die natuurlike, ons in die geestelike. Die Here het ons ontmoet.

2 Ons het teruggegaan in Abraham, Isak, Jakob, Josef; verder af in die slawerny in Egipte in.

3 Toe het die Here ons gisteraand geseën en ons het hulle uitgebring, na die Skelfsee toe, oorkant na die geslaande Rots toe, daar voor God gestaan het.

4 Nou, vanaand neem ons hulle in Kades-barnéa in, na die oordeelsbank voor die koper-altaar, of die koperslang, liewer.

5 Môre-aand, as die Here wil, neem ons hulle oor na die tuisland toe. O, goeiste! Uitkom, ons gaan môre die Jordaan oorsteek, as die Here wil. Josua het vir hulle gesê, gesê: "Kom nou bymekaar, ons gaan oorgaan." Nou net voor . . .

6 Julle weet, daar's niemand van ons wat, of enige prediker, wat vir God op sy hart het, wat nie, wanneer hy na die Skrifte kyk, hy—hy nie net 'n bietjie bang is nie: "Benader ek dit in my eie vermoë, of is die Heilige Gees hier om my te lei?"

7 Onthou, dat die saad wat gesaai is, dit ongetwyfeld êrens sal vestig, en ons wil hê dit moet die regte egte onvervalste Saad van God wees wat gesaai word in die mense se hart, want eendag moet ek in die oordeel staan om rekenskap te gee van wat ek gesê en gedoen het in hierdie lewe, saam met julle. As ek mislei het, dan sou ek as 'n—'n misleier gereken word. En ek sou dit beslis nie wou doen nie, nie opsetlik nie.

8 Net voor ons bid, of voor ons bid oor die Woord. Julle weet, die Bybel het gesê dat toe Johannes dit in die Boek van Openbaring gesien het, het hy gesê hy het die Boek gesien, en Dit was verseël op die agterkant, voor en agterkant, en niemand in die Hemel, en geen mens op aarde, of geen mens onder die aarde, was waardig om die Boek te neem of Daarna te kyk nie. En toe het 'n Lam wat geslag is vanaf die grondlegging van die wêreld, gekom, en Dit geneem uit die hand van die Een wat op die Troon gesit het. En die ouderlinge het uitgeroep: "U is waardig!" Nou mag daardie Lam vanaand kom en die Woord oopmaak. Ons kan die blaaie omblaai, maar dit kos die Lam van God om die Woord oop te maak.

9 Sal ons ons hoofde buig. Broer Junior, lei ons in 'n woord van gebed, as jy sal, terwyl ons bid dat God Sy Woord vir ons

sal oopmaak, as jy sal. [Broer Junior bid—Red.] Goed. Here seën julle nou.

10 Blaai, om mee te begin, vanaand, na Numeri, die 13de hoofstuk. Ons begin daar, en dan gaan ons verder. Ek sal net probeer om nie te maak soos ek gemaak het, julle net 'n lang tyd te hou nie, maar ek . . . julle nou net so gou as moontlik laat gaan. Sodra die Heilige Gees sal sê dis genoeg, dan sal ons gaan.

11 Môre-oggend, onthou nou, Sondagskool, nege-dertig. En voor, of om tienuur, sal ons die vrae beantwoord. Bring julle vrae in, bring hulle in vanaand. Na die diens, gee hulle vir sommige van die ouderlinge sodat ek hulle kan kry, of op een of ander manier, vir die vrae môre. Het 'n mooi aantal van hulle.

Môre-aand, is Oorgaan oor die Jordaan.

12 Nou, ons het drie stadiums gehad. Daar's drie stadiums van die reis: Israel in Egipte; Israel in die woestyn; Israel in die tuislande, Palestina, belowe deur God honderde jare tevore.

13 Goed, het toe gevind, deur die kerk terug te neem net vir 'n voorskoutjie, uitgevind dat God vir Abraham belowe het dat Hy hom sou red, hom 'n onvoorwaardelike belofte sou gee, onvoorwaardelike verbond. Hy sou hom en sy Saad red; nie al sy saad nie, maar sy beloofde Saad, (Isak). Abraham het elf seuns gehad, julle weet, maar net Een van hulle was die Belofte, deur Isak. Dis waarom Paulus gesê het, in—in Romeine, die 9de hoofstuk, dat "almal wat Israel is, nie Israel is nie, maar deur Isak die Saad geroep sal word." Nou, dan God, deur Isak, wat Christus verteenwoordig.

Ons let op, Christus was in Abraham, Christus was in Isak, Christus was in Jakob, Christus was in Josef, Christus was in Moses.

14 Christus is in die hele Ou Testament, in die hele Ou Testament. Al die . . . As ons tyd gehad het! Hier sewe jaar gelede, hierdie laaste week . . . Hierdie laaste paar maande het ons die Boek van Eksodus geneem, van een kant na die ander, wat alles tipeer. Selfs die skeidingswater; die rooi koei, dit kon nie 'n bruine wees nie, dit moes 'n rooie wees; nie 'n kol daarop nie. Dit moes verbrand word. En dan die skeidingwater gemaak word, en dis om die mense te besprinkel nadat hulle gesondig het en buite die laer uitgegaan het. Hoe die hisop, en sederhout, en alles bymekaar gemeng, hoe die hout in die tabernakel, hoe die koperaltaar, die waskom, die toonbrood, alles na Christus verwys het. En in Hom is ons volledig, in Jesus Christus.

15 Nou, hoe wonderlik is ons les vanaand, hoe God Israel as 'n tipe gebring het, voorafgeskadu het wat sou wees.

16 Nou, ons het toe uitgevind, dat hulle, na vierhonderd jaar, God vir Abraham belowe het dat sy saad in 'n vreemde land sou bly vir vierhonderd jaar, maar sou uitkom onder die sterk hand.

God se beloftes word altyd waar. God maak altyd Sy Woord reg. Die ou profetiese wiele en ratte van God draai stadig, maar seker, kom reg tot op die plek.

17 Dis die rede vanaand, in die studie van hierdie eksodus van die kerk, ek glo dat ons weer in die eksodus is. Ek glo, Moses wat 'n volmaakte tipe van die kerkorganisasie was wat God gefaal het, en Josua die nuwe—nuwe leier; verteenwoordig, die kerk wat God gefaal het, en Josua het Israel oorgeneem na die beloofde land. Perfek, as ons dit sal dophou, hoedat God destyds daar in die dae beweeg het. Alles het goed verloop, hulle het gedink hulle was goed gevestig; maar toe die tyd van die belofte nadergekom het, het daar 'n Farao opgestaan wat nie vir Josef geken het nie. Dinge het anders begin beweeg, en dit was 'n tyd vir 'n verlossing. Die mense het begin kerm en uitroep, en toe het God afgekom om hulle te verlos. Hoe perfek!

18 En toe het Hy 'n man gestuur, 'n kind is gebore, 'n eienaardige kind, en hy is eienaardig grootgemaak, maar God het Sy hand op hom gehad. Moses, hoe hy versteek was in die biesies. Gebore in 'n tyd van vervolging, net soos Christus. As 'n egte kind gebore, net soos Christus. En hy is in hierdie wêreld gebore, om 'n verlosser te wees, net soos Christus. En, o, hoe hy, sy werk, hoe hy 'n wetgewer was, opgegaan het in die berge en veertig dae gebly het, weer uitgekom met die Wet. En hy, sy knaende sonde was humeur, hy het die gebooie verbreek. Weer opgegaan, wat gewys het dat daardie priesterdom moet sterf, vergaan.

19 Net soos Jesus veertig dae in die woestyn ingegaan het, en toe Hy uitgekom het, Jesus, het Satan Hom net op Sy swak plek ontmoet, soos hy vir Moses het. Jesus se swak plek was honger. Hy het gesê: "As u die Seun van God is, beveel hierdie klippe om in brood te verander."

20 Jesus het gesê: "Daar staan geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie.'" Hy het toe geweet hy het nie vir Moses ontmoet nie. Hy het geweet hy het Iets anders as Moses ontmoet, want Jesus het die Woord geken.

21 En daar enigiets is wat die kerk vandag behoort te ken, is God se Woord, hoe om Dit bymekaar te sit en Dit toe te pas op jou hart.

22 Want, hierdie is die dag, broers, julle sal saam met my stem, 'n dag van "isme." Ek het Génesis nou vir twee jaar bestudeer, van Génesis. Dis die begin, die voortbring, die saadhoofstuk. En julle let op dat al daardie sektes van hierdie dag begin in Génesis. Hulle het hulle begin destyds in Génesis gehad, eindig hier in die laaste dag.

23 Byvoorbeeld, baie van hulle, soos hoe daardie formele godsdiens begin het in Kain. Hoe dit uitgekom en afgekom het deur die seuns van Noag, Gam. Uit Gam, het hy Nimrod gehad. Nimrod het die toring van Babel gebou. Babel kom verder af deur

Koning Nebukadnésar se tyd, en verder uit in Openbaring in, Babilon. Hoe daardie saadjie destyds begin het aan die oostekant van die poorte van Eden, afgekom het, uitgegaan het. Al die soorte sektes en alles het destyds daar begin, wat hulleself na die einde toe deurweef het.

24 Nou, dit betaam ons om op te let, versigtig te wees, in die Woord gevestig te wees. Baie dinge vind vandag plaas wat onskriftuurlik is. Laat ons die Skrif dophou, seker wees waar ons reg is. Dis wat ons hierdie week probeer leer het.

25 Die grootste ding wat ek teen die kerk vind vanaand, is vrees, almal is doodbang vir iets. Waarvoor is julle bang? As 'n man wedergebore is, behoort hy gelukkig, sorgeloos te wees. Net soos hierdie kêrels wat hierbo sing, en die broer wat daaragter getuig, net vry! Daar is niks wat jou kan skaad nie. Niks teenwoordig, niks toekomstig, niks kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus is nie. God het belowe!

26 Hy het geroep, deur uitverkiesing. Hy het Sy kerk in orde geplaas. Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader hom nie trek nie." Jy het nooit na God toe gekom omdat jy wou nie; jy het gekom omdat Christus jou geroep het. God het jou geroep. "En hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie. Ek sal hom ewige Lewe gee," nie net bly vir 'n week, een herlewing na 'n ander nie; maar ewige, Ewige Lewe: "en sal hom opwek in die laaste dag." O, goeiste! As dit nie die wind uit Satan se se se seile haal nie, weet ek nie wat dit doen nie.

Sê: "Hoe weet jy?"

Ek het gesê: "Jesus het so gesê, SO SPREEK DIE HERE."

27 Jesus het so gesê, dit handel dit af. As Hy Dit gesê het, glo ek Dit. Hy het gesê, in Johannes 5:24, my gunsteling onderwerp: "Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe."

Sê: "Dis baie maklik, Broer Branham."

28 Geen mens, geen mens kan glo Jesus is die Christus, in sy hart, en sal dieselfde man wees wat hy tevore was nie. Kan dit nie doen nie. Nee, meneer.

29 Soos ek gisteraand gesê het. Drink, rook, dobbel, al daardie dinge is nie sonde nie. Dit is nie 'n sonde om te dobbel nie, dit is nie, of, dobbel is nie sonde nie, liewer, rook is nie sonde nie, drink is nie sonde nie, vloek is nie sonde nie, dis 'n eienskap van sonde! Omdat jy 'n sondaar is, dis waarom jy dit doen. As jy 'n Christen was, sou jy dit nie gedoen het nie. Hy het gesê: "Hy wat die wêreld liefhet of die dinge van die wêreld, die liefde van God is nie in hom, eers in hom nie." So nou jy's óf 'n. . .Jy het nog nooit 'n halfpad Christen gesien nie.

30 Ek het nou die aand iemand gevra, ek het gesê: “Is jy ’n Christen, broer?”

Gesê: “Ek’s ’n redelike goeie Christen.”

Ek het gesê: “Nee, jy is nie.”

31 Daar is geen redelike goeie Christen nie. Hoeveel het al ooit ’n dronk-nugter man gesien? Niemand nie. Hoeveel het al ooit ’n swart-wit voël gesien? Niemand nie. Dis óf. . .Jy het nog nooit ’n sondaar-gelowige gesien nie. Jy’s óf wedergebore óf jy’s nie wedergebore nie. Jy’s aan een kant van die draad. En nou as jy wedergebore is, het jy ewige Lewe, en daar’s niks in jou. . .Al die ou dinge het verbygegaan, en daar’s net die—die Fontein. Bitter en soet water kom nie uit dieselfde Fontein nie. Sien? Die boom word geken aan die vrugte wat dit dra. “Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.”

32 Lank gelede, het al die Metodiste mense gedink: “Man, ons het Dit, ons kan skree.” Na Luther se dae, het hulle gedink omdat hulle geskree het, het hulle Dit gehad. Ek glo ook in skree, maar dis geen rede dat ek Dit het nie; dis die eienskap dat ek Dit het.

33 Die Pinkster het gekom, in tale gepraat, hulle het gesê: “O, nou weet ons ons het Dit.” Het julle? Dink nou al omtrent anders daaroor. Dit is nie Dit nie, julle vind uit dit is nie Dit nie.

34 Broer! “Dierbare sterwende Lam, U kosbare Bloed sal nooit Sy krag verloor tot die hele vrygekoopte Kerk van God gered is om nooit weer te sondig nie.” Sien, hier’s wat dit is: “Vandat ek in geloof die stroom gesien het, wat U vloeiende wonde voorsien het, was verlossingsliefde my tema, en sal wees totdat ek sterf.”

35 “Al praat ek met die tale van mense en Engele, en het nie die liefde nie, baat dit my niks. Al het ek al my goed gegee om die armes te voed, baat dit my niks. Al het ek mag om berge te versit, ensovoorts, baat dit my niks. Waar daar profesieë is, dit sal faal. En waar daar tale is, dit sal ophou. En waar daar kennis is, dit sal verdwyn. Maar wanneer volmaakte Liefde in die menslike hart ingekom het, sal alle duiwels in die hel dit nooit kan ontwrig nie.” Dis reg.

36 As my vrou my sou—sou respekteer omdat sy bang was vir my, sou ek nie wees. . .Ek sou bang wees om haar te verlaat. Maar sy het my lief. Sy het vertroue in my omdat sy weet ek het haar lief, en sy my liefhet. Nou wanneer ek weggaan, hoef ek nie te sê: “Nou, Mev. Branham, ek gaan vir jou ’n lys opdragte hier los wat jy moet doen, ’n klomp opdragte nie. Jy sal nie na enige ander man kyk nie, jy sal nie *hierdie* doen nie, of jy. . .Ek. . . ” Wel, sy net. . .Dis outomaties. Ek het haar lief en sy het my lief, en dit handel dit net af, ek gaan net aan.

37 Dis hoe dit is om te lewe vir Christus. Halleluja! Jy het Hom net lief met jou hele hart, siel, en verstand, en gaan aan, dis al. Daar’s geen boosheid wat kan uitkom nie. Dis reg. Want,

hierbinne, alles, is jy dood. Jy is dood, en jou lewe is verborge in God, deur Christus, daarin verseël deur die Heilige Gees. Hoe gaan die duiwel jou kry? Nee.

38 Jy neem 'n treintrok, hulle sal dit begin laai, en dit laai, op die spoor. Baie van julle mense hier, ek ken party van julle wat trokke laai. En hulle sal rondgaan, hulle sal soveel *hier* vra en soveel *daar*. Maar voor daardie trok verseël kan word, moet die inspekteur kom. Hy kyk deur en hy sien dat alles wat daarin is, vas is, en alles gereed is. Dit gaan na sy bestemming toe. Wel, as daar enigiets los is, en bang is dit sal breek, sal hy sê: "Haal haar uit, maak haar weer reg totdat julle dit kry." En wanneer dit heeltemal vasgemaak en gepak en stewig is, dan sal hy die deure toeklap en dit verseël, en niemand kan daardie seël breek, totdat dit sy bestemming bereik nie. Dit reg?

39 Dis hoe dit is waar dit sê, Efésiërs 4:30: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing." 'n Paar los ratelgeluide het, sal God dit uit jou uithaal en—en dit regmaak voor jy verseël word in die Koninkryk.

40 Elke man hierbinne, en elke vrou, sonder die doop van die Heilige Gees; die enigste rede waarom jy Dit nie het nie, omdat jy nie glo nie. Dis reg. Die geloof! Ons het dit hierdie week geneem en dit bewys, dat Abraham God geglo het, deur geloof. Dis reg.

41 Nou, dis goeie Baptiste doktrine, om God te glo. Broer Tom, jy weet, ek dink jy kom uit 'n Baptiste kerk, dat hulle gesê het "glo God." Ek het ook. Dis 'n goeie kerk om uit te wees. O, o, verskoon my, ek het nie bedoel om dit te sê nie. Nou, net 'n oomblik, ek het niks teen die Baptiste nie, hulle het baie goeie dinge.

42 Maar kyk, broer, ek het hulle op die radio gehoor, nou die dag, 'n kêrel, goeie Baptiste prediker, wat probeer om Handelinge 19 te omseil. Hy het gesê: "Apollos het nie vir Jesus geken nie, so dis waarom hulle weer oorgedoop moes word." O, nee!

43 Apollos het vir Jesus geken, en hy het bewys, deur die Woord van God, dat Jesus die Christus was. Amen. En hy het gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang nadat julle geglo het?" Dis reg.

44 A-. . .God het vir Abraham die belofte gegee, en hy het die belofte geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken; maar Hy het hom die teken van besnydenis gegee, as 'n seël van die belofte. Halleluja! Jy glo God, deur geloof, dat jy gered is, en aanvaar Hom; en, wanneer jy dit ook al doen, gee God jou die Heilige Gees as die seël van die belofte wat Hy jou belowe het. Die Heilige Gees is 'n gawe van God, dis reg, wat die hart besny, die oortollige vlees afsny, en jou 'n nuwe skepsel in Christus Jesus maak. Amen. Goed, daar het julle dit. Dis niks wat jy self daarmee te doen gehad het nie, dis 'n gawe van God. En wanneer jy reg glo, gee

God Dit vir jou. Dis deur geloof. Jy. . . Nou, geloof is nie wat Dit is nie.

45 Net soos wat ek vyf-en-twintig sent het, en 'n brood kos vyf-en-twintig sent. Die vyf-en-twintig sent. . . [Broer Branham laat val 'n muntstuk—Red.] Ek sal dit later optel. Die vyf-en-twintig sent is nie die brood nie, maar die vyf-en-twintig sent koop die brood. Dis die pry-. . . dis die. . . Dis wat die brood koop. (Was net, dit was toevallig 'n halfpennie van Afrika, so ek reken dis waarom dit omgedraai het.) Goed. Die vyf-en-twintig sent is nie die brood nie; die vyf-en-twintig sent koop die brood.

46 Geloof is wat jy in God het. En dit, in die erkenning van God, vir jou geloof, gee jou die Heilige Gees wat die hart en ore besny. Is dit reg? Maak jou 'n nuwe skepsel.

47 Nou, God wat gereed maak om te verlos. Ons het uitgevind dat hy was, Moses sy eie seun soontoe geneem het, om die kinders van Israel te verlos, onbesnede. En Sippóra het 'n skerp klip geneem, die voorhuid van haar kind afgesny, en dit voor hom gegooi, gesê: "Jy is 'n bleddie man vir my."

48 Julle weet, het julle dit al ooit baie goed bestudeer? Moses het 'n humeur gehad, julle weet, wat hom uiteindelik uit die beloofde land uitgehou het, sy humeur. En God het hom daaragter buite gesit en hom ook 'n klein humeurige vroutjie gegee. Ek is seker hulle het 'n paar probleme agter in daardie woestyn gehad, en julle? God weet hoe om jou te tem. So, Hy het hom daaragter buite 'n vroutjie gegee, gewys. Sy het daardie voorhuid afgesny en dit voor hom gegooi, gesê: "Jy's 'n bleddie man." Goeiste! Hy het geweet hoe om met hom werk, daardie humeur uit hom uit te haal. Goed.

49 Toe het hulle verder afgegaan, en hy het tekens en wonders en wonderwerke gedoen. En let op! O, goeiste, ek het Iets my voel tref! Kyk hoedat Jambres en Jannes, daardie twee sterrewiggelaars, daar gestaan het en dieselfde soort wonderwerke gedoen wat Moses en Aäron gedoen het, reg saam met hulle gegaan het.

50 Nabootsing! Broer, ons het die wêreld vol daarvan vandag. Die kerk is vol daarvan vandag, vleeslike nabootsings. En daar's een ding nou, om hierdie af te sny, let op. Soos 'n groot Bybelleraar, nou die dag, op die radio, gesê het, dat: "Goddelike genesing van die duiwel was," dat: "die duiwel Goddelike genesing gedoen het." Ek wil hê julle moet vir my die Skrif vind waar die duiwel ooit Goddelike genesing gedoen het, waar dit ooit deur hom belowe is.

51 God het gesê: "Ek is die Here," Psalms 103:3: "Ek is die Here Wat al julle krankhede genees."

52 En Jesus het gesê: "As Satan vir Satan uitdryf, dan is sy koninkryk verdeeld." Hy kan dit nie doen nie. Hy kan homself

nie uitdryf nie. So alle genesing, maak nie saak waar dit vandaan kom nie, kom net deur God.

53 En hou hierdie towenaars dop. Hulle kon die luise bring, maar hulle kon hulle nie wegneem nie. Hulle kon nie genees nie. Hulle kon die wonderwerk doen, maar hulle kon nie genesing doen nie. Genesing lê in God, alleen. En toe hulle swere geroep het, het die Egiptenare self vol swere geraak.

54 En hulle het gesê: "Hierdie is die vinger van God." Halleluja! Ek dink aan daardie "vinger van God." As. . . God kon 'n blinde oog met Sy vinger oopmaak: "hierdie is die vinger van God," kon al hierdie dinge doen. Kyk wat Hy gedoen het met Sy vinger, Hy het die siekes genees en die dooies opgewek. Al hierdie dinge het Hy gedoen met Sy vinger. Maar toe Hy agter 'n verlore skaap aangegaan het, het Hy nooit Sy vinger gebruik nie, Hy het hom op Sy skouer gesit en hom ingebring. Halleluja! Wat 'n sekuriteit, 'n verlore skaap op Sy skouer; nie Sy vinger nie, het Hy nie gebruik nie. Hy het Sy skouer gebruik om die skape in te dra. Let op.

55 Toe het God, nadat met Moses gewerk het, hom gereedgemaak, die—die tekens uitgestuur, toe was die laaste teken (wat ons gisteraand geneem het) die dood. En ons het uitgevind, dis geestelike dood in die kerk, die laaste plaag nou, kerk wat opdroog, wat wegwaai. Dis reg. Ons lewe in 'n verskriklike tyd. Hoedat die kerk, die oumense wat altyd regtig die oorwinning gehad het, dit verloor, sterwenstyd, die Bloed van die voorkant van die deur laat afkom. "Wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek by julle verbygaan."

56 Verder aan het hulle gekom, in die geslaande Rots in. Let op toe hulle by die Rots gekom het, het hulle behoefte gehad. Nou, Moses het die Rots met die staf geslaan. Dis waar ons gisteraand gelos het. Die Rots met die staf geslaan, en die staf was God se oordeelstaf. En hy het die Rots geslaan, en daar was 'n skeur in die linkerkant van die Rots. Toe die kinders van Israel honger geword het, het hulle soontoe gegaan. En 'n byenes, 'n by het daar ingekom en het 'n nes gemaak, en hulle het heuning uit die Rots gekry. Alles wat hulle nodig gehad het, was in die Rots. Die Rots het die kerk gevolg, en die Rots was Christus Jesus. Toe hulle dors was, het hulle uit die Rots gedrink. Toe hulle honger was, het hulle uit die Rots geëet. Waar hulle ook al gegaan het, het die Rots hulle gevolg. En die Rots volg nog steeds die kerk! Christus is die Rots wat in die woestyn was. Let nou op, dan, daardie selfde Rots!

Geen wonder toe hy in Jerusalem ingekom het, het hulle gesê: "Laat hom stilbly, laat hulle stilbly," nie.

57 Hy het gesê: "As hulle stilbly, sal die rotse, klippe onmiddellik uitroep." Wat was dit? Daardie Hoofhoeksteen het gekom, afgerol tussen die klippe deur. Iets moes plaasvind, rotse wat uitroep!

58 Toe die vrou wat bloedvloeiing gehad het vir soveel jare, sy het met die Rots gepraat, en die Rots het genesing voortgebring. Toe Lásarus dood is, het Martha met die Rots gepraat, en Dit het opstanding voortgebring. Toe hulle op die seë was, in die storms, en ou bootjie het rondgedobber soos ’n bottelprop buite in die middel van die see.

59 ’n Vrou het vir my gesê, hier nie lank gelede nie, sy het gesê: “Broer Branham,” sy het gesê: “Jesus was niks meer as ’n gewone man nie.” Gesê: “Hy was ’n profeet, maar jy probeer hom God maak.”

Ek het gesê: “Hy was God. Hy was óf God óf ’n bedrieër.”

En hy het gesê: “O, hy was ’n goeie man, hy was ’n filosoof. Maar hy kon nie God wees nie, hy was nie Goddelik nie.”

Ek het gesê: “Hy was Goddelik. Hy moes Goddelik wees. As Hy ’n mens was, was Hy deur seksuele geboorte gebore; maar Hy is deur ’n maagdelike geboorte gebore, so Hy was God se Bloed. Die Bybel het gesê: ‘Ons word gered deur die Bloed van God.’”

Sy het gesê: “Ek sal dit vir jou bewys, hy was niks meer as God . . . niks meer as ’n—’n—’n profeet nie, en hy was nie Goddelik nie.”

Ek het gesê: “As jy dit kan bewys met die Bybel.”

Sy het gesê: “Ek sal dit doen.”

Ek het gesê: “Laat ons jou Skrif hoor.”

Sy het gesê: “In Johannes, die 11de hoofstuk, toe Jesus daardie dag afgegaan het na die graf van Lasarus.”

Ek het gesê: “Ek onthou dit.”

Gesê: “Hy het gehuil. Die Bybel het gesê: ‘hy het geween.’”

Ek het gesê: “Dis waar.” Ek het gesê: “Wat het dit daarmee te doen?”

Sy het gesê: “Dit bewys hy was nie Goddelik nie, want hy kon nie ween en Goddelik wees nie.”

60 Ek het gesê: “Kyk, vrou. Hy was die God-Man.” Ek het gesê: “Toe Hy daar afgegaan het, gehuil het, terwyl Hy gehuil het, was Hy ’n Man. Maar ek sê jou, toe Hy daardie klein liggaampie daar regop getrek, en gesê het ‘Ek is die Opstanding en die Lewe’! En Hy het met ’n man gepraat wat al vier dae dood was, sy liggaam was verrot, die velwurms het in en uitgegaan. Verderwing het sy Meester geken! En ’n man, wat al vier dae dood was, het op sy voete gestaan en weer gelewe. Dit was meer as ’n man wat gespreek het. Dit was God.” Ja, meneer.

61 Hy was ’n Mens toe Hy daarbo op ’n berg was daardie nag, afgekom het, oral in ’n boom gesoek het, om iets te kry om te eet, ’n vyeboom, probeer het. Hy was honger. Hy was honger toe Hy ’n Mens was. Toe Hy na daardie boom gekyk het, was Hy ’n Mens. Maar toe Hy vyf broodjies en twee stukkies vis geneem en

vyfduisend gevoed het, was dit meer as God . . . meer as 'n mens, dit was God in daardie Mens. Ja, meneer.

62 Hy was waarlik 'n Mens toe Hy in daardie boot gelê het, en die prop soos 'n bottelprop was; gesê het: "O, ek sal hom gaan rondstoot, en hom op-en-af laat spring," tienduisend duiwels van die see het gesweer hulle sou Hom verdrink daardie nag. Hy was 'n Mens, so moeg dat Hy nie kon beweeg nie. Maar toe Hy Sy voet op die rand van daardie boot gesit en gesê het: "Swyg! Wees stil," en die winde en die golwe het Hom gehoorsaam, was dit meer as 'n Mens. Dit was God. Ja, meneer.

63 Toe Hy op Gólgota gesterf het, het Hy uitgeroep om genade soos 'n mens. Hy was 'n Mens, toe Hy gesterf het. Maar toe Hy opgestaan het, Paasoggend, het Hy bewys dat Hy God was. Dis reg, opgestaan uit die dood!

64 Geen wonder die digter het gesê: "Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered; begrawe, het Hy my sondes ver weggedra; opgestaan, het Hy vrylik geregverdig vir ewig; eendag kom Hy, O, wonderlike dag!"

65 Die God-Mens! God was in Sy Seun, om die wêreld met Homself te versoen. Hulle het aanspraak gemaak dat Hy 'n—'n "towenaar" was, en 'n—'n "waarsêer," en 'n "duiwel," en "Beëlsebub," en alles. Maar Hy was God, Emmánuel, wat onder ons gewoon het, om die wêreld met Homself te versoen. Ons het dit met 'n vraag in die oggend, in elk geval, ons sal daarby kom en dit môre klaarmaak. Goed.

66 Opgekom, daardie geslaande Rots. Toe hulle enigiets nodig gehad het, het hulle na die Rots toe gegaan. Nou, na dit alles, en die seëninge en dinge, het hulle steeds gemurmureer.

67 Hulle het by die plek met die naam van Kades-barnéa gekom. Nou ons wil dit net 'n oomblik bestudeer. Kades-barnéa was die oordeelsbank van die wêreld, in die dag. Dit word nou gevind, 13de hoofstuk, van Númeri. En begin die Skrifte neerskryf, as julle wil, nou. Daarin was die oordeelsbank. Lees die vorige hoofstukke daarvan, in julle—in julle studeerkamer. Ons moet nou net die hoogtepunte aanraak, binne drie of vier dae herlewing soos hierdie. Kan dit nie vers vir vers bestudeer nie. Maar dit was 'n oordeelstroon. Daar was 'n groot put daar. Het baie fonteintjies gehad wat daaruit gekom het, die sytakke of—of fonteine van hierdie yslike groot fontein, Kades-barnéa.

68 Volmaakte tipe van die kerk. Die kerk is die oordeelstroon. Oordeel begin in die huis van God.

69 Daar het Israel vergader, in Kades. En nou het Moses hier gesê, 1ste vers, 13de hoofstuk.

*En die HERE het met Moses gespreek, en gesê,*

*Stuur vir jou manne uit, dat hulle die land Kanaän, wat Ek aan die kinders van Israel* gegee het, *kan verken:*

*van elke vaderlike stam moet julle een man stuur, elkeen 'n owerste onder hulle.*

70 Nou, God het verordineer dat hulle twaalf manne soontoe moes stuur, een uit elke stam, hulle oorgestuur in die land van Kanaän in, om die land te bespied, om te sien of dit 'n goeie plek was of nie. Die spioene het uitgegaan, een uit elke stam. Een uit Dan, Aser, regdeur, tot hulle die twaalf manne gekry het.

71 Perfek van die kerk vandag, in ons reise. Ons reis na, totdat, ek glo dat die kerk vandag staan by Kades-barnéa, oordeel! Nou, God help my. Ek hoop God sal my help om hierdie te kry, dit goed en diep sal insink.

72 Werke uitgestuur. Onthou, hulle het sover gekom omdat God hulle belowe het. En die heelpad deur, het hulle tekens en wonders en wonderwerke gehad, en nou is hulle reg bo by die grensgebied.

73 En ek glo ons is by die grensgebied vanaand. Ek het gewonder oor al my dienste en dinge, hoe ek hulle moes kanselleer. Ek glo waarlik, voor die Kerk die Wegraping kan hê, moet dit wegrapingsgeloof hê. Ons kan nie eers geloof hê vir Goddelike genesing nie, wat nog van wegrapingsgeloof. Moet 'n geloof hê wat hierdie liggaam sal verander en lewendig maak en weggeneem word. Ek glo daar's 'n Kerk op sy pad vanaand, 'n krag van die lewende God, dat mense die Woord *hier* en *daar* sal spreek, en dit sal flits soos weerlig. En 'n Kerk kom uit; nie 'n sielkundige nie, nie van hierdie aansit, skyngeloof nie; maar 'n ware, egte, gesalfde, Heilige Gees, uitgeroepte Kerk! Amen.

74 Hier is hulle, wat staan by Kades-barnéa. Hulle het gesê: "Gaan oor. Die land is vir ons gegee honderde jare gelede, deur God, deur ons vader. Ons is die saad van Abraham. God het ons veilig gelei hierdie iets-oor-die-veertig myl van Egipte af, tot by die grensgebied by Kades." Hulle het daar gekom binne 'n paar dae, maar, onthou, as gevolg van hulle ongeloof, het hulle vir veertig jaar rondgedwaal.

75 Ongeloof! Let op, die kerk waarvan ek praat, parabolies gesproke. Wat die Oue was, is die Nuwe, op 'n groter manier. Wat die natuurlike was, is die geestelike.

76 Nou, Kades. En daar het hy gesê: "Nou gaan julle uit, en verken." God het hulle gestuur; Moses het nooit. God het hulle soontoe gestuur, en gesê: "Gaan soontoe en verken die land, en kom terug en sê vir ons of dit 'n goeie land of 'n slegte land is, óf of ons dit kan inneem, of wat *dit*, *dat*, of die *ander* is. Gaan julle soontoe en vind uit."

77 En twaalf het soontoe gegaan. Hulle het 'n groot tros druiwe afgesny. Julle weet van die hoer, Ragab, ensovoorts. Goed. Hulle het gegaan en hierdie tros druiwe afgesny, en teruggekom. Maar luister na die verslag, twaalf manne!

78 En tien van die twaalf het gesê: "O, hulle is vreesaanjaende mense." Kyk hier oorkant, wat 'n—wat 'n gesig! Luister hierna. Wanneer ons nou blaai na die 17de vers, of die 27ste vers, liewer, om te lees. Gaan voort en sê daar van die manne wat uitgestuur is. En toe hulle teruggekom het, het hulle harte flou geword, hulle het gesê: "O, hulle is groot manne!" Luister hier.

> *En hulle het* hulle *vertel, en gesê, Ons het* gekom in *die land* waarin *u ons* gestuur *het, en waarlik dit* loop *oor van melk en heuning; en* dít is 'n vrug. . . *sy vrugte*. (Net soos God belowe het. Nou let op.)
>
> *Maar die volk* is *sterk* en *wat woon in die land,* en *wat woon in die land, en die stede is versterk, en baie groot:. . . en ons het daar ook. . . kinders van die Anakiete gesien.*
>
> En *die Amalekiete woon in die land. . . en die Hetiete,. . . die Jebusiete, en die Amoriete, woon in die berge: en die Kanaäniete woon* by *die see,* of, *die kant van die Jordaan.*
>
> *Toe het Kaleb,* (halleluja), *Kaleb die volk stilgemaak teenoor Moses, en gesê, Laat ons gerus optrek, en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig.*

79 Ag, ek hou daarvan! Goeiste! Net 'n bietjie verder.

> *Maar die manne wat saam met hom opgetrek het, het gesê, Ons kan nie gaan. . . teen die volk optrek nie; want hulle is sterker as ons.*
>
> *So het hulle dan 'n slegte gerug onder die kinders van Israel versprei oor die land wat hulle* verken het, *deur te sê, Die land,. . . wat ons deurgetrek het om dit te verken, is 'n land wat sy inwoners verteer; en al die mense wat ons daarin gesien het,. . . groot manne.*

80 Luister daarna! En dit gaan voort om te sê, dat: "Ons lyk soos sprinkane, teen hulle." Dis die verslag.

81 Maar Kaleb en Josua het gesê: "Ons kan dit inneem! Ons is in staat om dit te doen." Waarom is hulle in staat om dit te doen? God het hulle belowe om dit te doen. Ek hou van daardie moed.

82 Tien van hulle. Nou het die kerk gekom. En dit het nou gekom by 'n punt waar ons afgekom het deur die Lutherse Tydperk, die Metodiste Tydperk, en die Pinkster Tydperk, en verderaan tot by 'n plek. En nou het party van die volle Evangelie mense sterk teen Goddelike genesing gedraai, glo dat dit nie eens in die versoening was nie. Wel, dit het 'n punt bereik, vriende, waar julle. . . Dit word verskriklik hierbuite. "Outydse godsdiens," sê hulle: "dis iets wat lankal verby is, kan dit nie kry nie, dis te veel. Ons lewe in 'n moderne dag, ons moet moderne idees kry. Ons moet vingerborde in die kerk hê, tafeltennis speletjies, en alles, om ons jong mense te behou."

83 Broer of Suster, as dit ooit by ’n tyd kom dat ek ’n kaartpartytjie in die kerk moet hê, om ’n gehoor te hê, sal ek ophou om die Evangelie te preek, want Dit het Sy krag verloor. Ek sê jou, broer, wat ons vandag nodig het is die outydse, eenvoudige Evangelie, Heilige Gees krag gepreek in Sy eenvoud. “Mense. . . As Ek van die aarde verhoog word, sal Ek almal na My toe trek.” Ja, meneer.

84 Ons vandag, hulle sê: “O, ons kan nie teruggaan en daardie dinge doen wat die apostels gedoen het nie.”

85 Ons lewe in die laaste dae, wanneer God belowe het Hy sal Sy Gees uitstort op alle vlees. Halleluja! Ons is hier aan die einde van die pad. Dank God vir ’n paar Kalebs en Josuas wat gereed is om oor te gaan, halleluja, oor te gaan en die bewys terug te bring, halleluja, dis ’n groot land! Het twee trosse druiwe teruggebring, en hulle het so *hierdie* geloop om dit te probeer dra. Wat ’n grond! Wat ’n plek! Dank God vir mense wat oorgegaan het, uit hulle ou formele, ingeperkte, goddelose kerk, mosbegroeide toestand. Halleluja! Gekom by ’n plek waar hulle oorgestap het in Kanaänsland, en baie goeie druiwe geëet het wat jou selfs op die preekstoel laat kwyl. Halleluja! Van daardie goeie outydse. . . Dronk van die wyn, soos Petrus gedrink het op die Dag van Pinkster, toe die krag van God die kerk oorgeneem het. Halleluja! Kades-barnéa. Ons kan dit doen!

86 Kêrel het gesê: “Wil jy vir my sê ons kan die Heilige Gees kry soos hulle ’n lang tyd gelede het?”

“Ja, meneer.”

“Nou, hoe weet jy?”

Ek het gesê: “Ek het Dit gekry! Halleluja! Dis hoe ek dit weet.”

87 Ons het ’n pragtige tipe gehad gisteraand, toe die kinders van Israel oor die land gegaan het, oorgegaan het na die—die pelgrimstog, wat ’n volmaakte tipe van ons pelgrimstog was. Ons het opgekom uit Kanaän. Ek het my paal, tente, uitgetrek en gegaan (het julle?), die ou knoffel en fynvleis potte, en stank van die wêreld, daaronder verlaat. Tent opgeslaan, vertrek, die Jordaan oorgesteek! Halleluja! Die skelfsee van die Bloed van Jesus Christus het elke ou sigaret, tabakverkoper, en die gemors van die wêreld verdrink, soos daardie slawedrywers daaragter, en hulle dryf nou in die see. Halleluja! Geen wonder ons skree en dans nie!

88 Kyk wat Moses gedoen het, sy hand opgesteek en gesing in die Gees. En Miriam het ’n tamboeryn gekry en begin dans, en op-en-af gespring, en God geprys. En die dogters van Israel het haar gevolg, gedans en God geprys, en geskree. Halleluja! Hulle het oor die see gegaan. Al die ou slawedrywers was agter, dood, daar in die see. Hulle het omgekyk en gesê: “Man, jy sal my nooit

weer pla nie." O, goeiste! Die brûe oral verbrand, gereed om nou te gaan, verder te reis.

Nou sê hulle: "Kan ons dit inneem?"

"Sekerlik, ons kan dit inneem."

"Hoekom?"

"God het so gesê!" En onthou, hulle was . . . God het belowe om in hulle behoeftes te voorsien. Ons het dit gisteraand gehad.

"Hoe gaan hulle dit voorsien?"

"Ek weet nie."

"Wel, miskien sal hulle 'n bietjie deeg oorstuur iewers van 'n . . . "

"Daar is niks oor in Egipte nie, waar gaan die deeg vandaan kom?"

"O, goeiste! Dis nie my besigheid nie."

89 Iemand het eenkeer vir my gesê, gesê: "Glo jy in daardie Elía, daardie voëlverhaal daarbo?"

Ek het gesê: "Sekerlik."

Gesê: "Wil jy vir my sê jy glo daardie prediker het gaan sit by die spruit Krit daarbo, en kraaie het hom gevoed?"

Ek het gesê: "Sekerlik."

"Hoe weet jy hulle het hom gevoed?"

Ek het gesê: "Die Bybel het so gesê." Dis reg.

Gesê: "Ek wil vir jou iets vra, prediker." Gesê: "Waar in die wêreld dink jy het daardie kraaie daardie toebroodjies gekry?"

Ek het gesê: "Ek weet nie. Hulle het hulle gebring, Elía het hulle geëet. Dis al wat ek weet."

Hy het gesê: "Ek glo julle almal raak opgewonde."

Ek het gesê: "Nee. Ek kan jou nie sê waar Dit vandaan kom nie, maar Dit kom van iewers af. God bring Dit, ons eet Dit. Halleluja, en Dit bring vreugde!"

90 Hoe dit gebeur, weet ek nie. God stuur Dit net, en ek gryp Dit. Ek het 'n handvol gekry net 'n paar minute gelede, en Dit ingesluk, verkwik my nog steeds soos Dit afgaan. Dis goed! Moenie opgewonde raak nie; ek's nie mal nie. Ek is al so genoem, maar ek is nie. As ek is, los my net uit, ek's gelukkig. Goed. Ja, meneer, ek voel nou baie godsdienstig. O, voel beslis! Goed.

91 Kyk na hom. Hier is hulle: "Hoe gaan ons dit doen?" Nou, God het manna afgereën uit die hemel, en hulle gevoed. Het Hy nie? Hy het beslis. En hulle het dit opgetel. Ons het daardeur gegaan.

92 Nou, dit was 'n volmaakte tipe van ons voeding vandag. Daardie manna het nooit opgehou nie, dit het elke aand geval, elke aand, die heeltyd wat hulle op hulle reis was, uit Egipte

uit in die beloofde land in. En die Heilige Gees het geval sodra die dissipels Egipte verlaat het, op die Pinksterdag, het die Heilige Gees uit die Hemel gekom, dieselfde plek waar die manna vandaan gekom het, soos 'n geweldige rukwind, het die hele huis gevul waar hulle gesit het, verdeelde tonge het op hulle gesit, soos vuur. Hulle het daar uitgegaan, en geskree, en opgetree soos dronk mense, gedans, gesteier, geskree, gekwyl, en alles.

Het julle al ooit 'n ou dronkaard huis toe sien kom? Man, hy's aan altwee kante van die straat: "Hallo, vreemdeling!" Niks wat hom pla nie.

93 "En daar's geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is nie, vir dié wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees," Romeine 8:1. Hier kom hulle, wat Huis toe kom, nou steier onder die impak van die Heilige Gees, wat God se Manna was wat afgekom het uit die Hemel, en Dit het geval van daardie dag af tot op hierdie dag. Elke . . .

Weet julle wat? Die omer is volgehou, dat elke priester wat ingegaan het, 'n mondvol van die oorspronklike manna kon eet.

94 Hoe lank moes hierdie Manna hou? Hersien wat Dit gisteraand was, in die les, Petrus het gesê: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes, julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang, want die belofte kom julle toe, julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Die Heilige Gees is net dieselfde Heilige Gees vanaand as wat Dit destyds daar aan die begin was. Kan ons dit inneem? Ja, meneer.

95 Die kerk kom by Kades. Wat gaan julle doen? Hier is ons. Hulle sê . . . Nou, elke individu, julle is elkeen by Kades, ons kom daar.

96 En jy sê: "Nou, as ek—as ek soontoe gaan en van daardie holy-roller godsdiens kry waarvan hulle praat, sal my mamma my uit die huis uitsit."

97 Daar het julle dit, by Kades. Kan julle dit doen? Ja, God het dit vir julle belowe. "Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar 'n swaard. Ek het gekom om vader en moeder, man, vrou, suster, broer, en almal te skei. En hy wat nie sy eie sal versaak en My volg nie, is nie waardig om Myne genoem te word nie. En hy wat sy hand aan die ploeg slaan en net omdraai om om te kyk, is nie waardig nie." Dis reg.

98 Broer, ek sê jou, dit beteken heelwat meer as om nader te hardloop en hand te skud met die prediker, en 'n paar druppels water oor jou te laat sprinkel. Dis reg. Broer, dit kos heelwat meer as om op te stap na die altaar en nagmaal te neem, en terug te stap en te gaan sit op jou sitplek. Dit beteken 'n uitverkoop, uitsterf, broer, en 'n outydse, agterveldse, hemelblou, sonde-dodende godsdiens te kry wat nie . . . jou wit was, maar jou nie

witverf nie, maar jou wit was, halleluja, jou skoonmaak, jou uitbrand, jou uitskuur, jou steriliseer en jou 'n nuwe persoon maak. Amen! Dis ou sassafras soort, broer, maar, ek sê jou, Dit sal aan jou ribbes kleef. Kry bietjie Daarvan. Dis reg, Dit sal jou hou deur die beproewinge. Amen! Ek voel om uit te roep, omtrent. Dis nogal groot vir . . . Ja, meneer.

99 Wanneer ek daaraan dink, broer, is dit seker. God het so gesê. Kan ons dit inneem? Sekerlik, ons kan dit inneem. "In die laaste dae sal Ek My Gees uitstort, en Ek sal tekens en wonders wys." Halleluja! Hy het gesê Hy sou dit doen. God het dit belowe. Ons is by Kades, kom ons gaan kry dit! Iemand was daar en het druiwe teruggebring. Ek weet die land is goed. Dis reg. Kom ons gaan soontoe en kry daarvan. Dis reg.

100 Die kerk het begin murmureer en kla, en alles. God sou die kerk uitgestuur het, jare gelede, as hulle net na Hom geluister het. Maar hulle het begin stry en baklei, en murmureer.

101 Die Metodiste het 'n outydse herlewing destyds in die dae van Spurgeon gehad, hulle het gawes begin ontvang, ensovoorts. En die kerk het reguit daar ingekom en daardie ding begin uitmekaar skeur, en die kerk het van toe af rondgedwaal in die wildernis, rondgedwaal. Dit het opgebreek in Nasareens, Pelgrim Heiligheid, en *dit*, *dat*, en *dit* en *dat*, en *dat* en die *ander*, en al die res, tot dit nou soos 'n groot klomp ek-weet-nie-wat-nie is. Dis waar. Hulle het groot skole georganiseer, en gedink hulle sou die teologie van een of ander plek leer.

102 Soos ek gisteraand gesê het, dit laat my dink aan 'n ondernemer se lykshuis. Gaan soontoe, en so koud! Jy gaan in, die geestelike termometer—termometer sê "honderd onder vriespunt."

103 Iemand het, eenkeer nie lank gelede nie, 'n ou vroutjie het ingekom van die platteland af, sy het ingestap, sy het haar ou lang rokkie aangehad, dit bo teen haar nek *hier*bo. Sy het ingestap, en haar—haar seun het haar kerk toe geneem. Hy was skaam vir haar. Sy het na die deur toe geloop, sy het gesê: "Goeiemôre, ouderling." Ingestap soos daardie.

104 En haar man, of, haar broers, of, haar seun het gesê: "O, Moeder! Moeder, bly stil." Hy het gegaan, behoort aan een of ander groot aristokratiese kerk, julle weet.

105 Sy het gesê: "Wel, prys God! Is ek nie in die huis van God nie?" Sy het nie van beter geweet nie.

106 Laat ek vir jou sê, broer, haar naam mag nie in *Wie's Wie* gewees het, soos baie van hulle het nie, en hulle sê hulle het presies vierhonderd. Maar haar naam was geskryf in die Lam se Boek van die Lewe. Ek sal liewer myne Daar hê as in al die *Wie's Wie*. Halleluja! Dit sê wie's wie: die naam geskryf in die Lam se Boek van die Lewe.

107 Sy het ingestap en gaan sit soos daardie. Die prediker het begin sê: “Nou, die Here Jesus Christus het na die aarde toe gekom om die sondaar te red.”

108 Sy het gesê: “Amen! Prys God! Dis reg, broer.” En almal het hulle nekke omgedraai, soos ’n gansmannetjie iewers, wat rondkyk, wonder hoekom.

109 En so het hy gesê: “Uh-um, uh-um.” Hy het sy notas gelees, julle weet. So hy het toe soort van deurmekaar geraak, en hy het gesê: “Uh-um, uh-um. Verskoon my.” Gesê: “En, soos ek gesê het, die Here Jesus Christus het na die aarde toe gekom.”

Sy het gesê: “Prys God! Dis reg, broer. Halleluja!”

110 So die plekaanwyser het agtertoe geloop en haar op die skouer geklop, gesê: “Mevrou, jy sal moet stilbly of ons sal jou moet uitsit.” O, goeiste! Halleluja!

111 Dis waarin ons beland het, dis reg, skole van die profete. Ons lei die onderwysers op, ons spuit ou balsemvloeistof in hulle in om hulle te bewaar. Hulle is dood, in elk geval. En sit dan balsemvloeistof in om dit dooier te hou, sommige van hierdie ou teologie wat hulle leer: “Dat die dae van wonderwerke verby is, daar is glad nie so-iets soos hartlike godsdiens nie.”

112 Laat my dink aan ’n gekleurde man onder in die suide, ’n ou kêrel wat sy Bybel rondgedra het. Gesê: “Waarom dra jy daardie Bybel, kêrel?”

Hy het gesê: “Ek glo Dit.”

Gesê: “Jy kan nie ’n woord Daarin lees nie.”

Gesê: “Ek glo Dit, in elk geval.” Gesê: “Ek glo Dit van ‘buiteblad’ tot ‘buiteblad’, glo die ‘buiteblad’ ook.”

Gesê: “Hoe weet jy?”

Gesê: “Dit het ‘Heilige Bybel’ Daarop geskryf.” Ja, meneer. Hy het Dit geglo, in elk geval, het geen verskil gemaak nie.

Gesê: “Wat sal jy doen,” gesê: “sal jy enigiets doen wat in daardie Bybel is?”

Gesê: “Die Here vir my sê om enigiets te doen, sal ek dit doen.”

Hy het gesê: “Wat as Hy vir jou sou sê om deur daardie muur te spring?”

Hy het gesê: “Ek sou spring.”

Gesê: “Dink jy jy kan deur daardie muur loop sonder ’n gat daarin?”

113 Gesê: “As die Here vir my sê om te spring, sou Hy ’n gat daarin maak vir my.” Dis ook reg, broer. Halleluja! Dis die waarheid. God vir jou sê om te spring, sal Hy die gat daar hê wanneer jy daar kom. Moenie daaroor bekommerd wees nie.

114 Skool teologie! O, goeiste! Weet julle wat het hulle gedoen? In sy plek, van die bo-vertrek, het hulle 'n aand-ete-kamer gesit, een of ander ou haan opgekook en hulle vyftig-sent-per-bord gevra, om die prediker te probeer betaal. Broer, as jy jou tiendes betaal het en gedoen het wat God vir jou gesê het om te doen, sou julle nie hierdie ou sop-aandetes en sulke goed hoef te hê nie. Amen. (Selfs die salwingsolie het afgespring, daarop.) Laat ek vir jou iets sê, broer, God wil 'n kerk hê wat beweeg in die Goddelike wil van God, gebaseer op SO SPREEK DIE HERE. Ja, meneer. Hulle het al die wag in die bo-vertrek uitgeneem, soos daardie. Wat hulle met die Heilige Gees gedoen het, hulle het Dit met teologie vervang. Iemand gaan uit en sê: "Wel, ons glo *dit* en ons glo *dat*." Waarom glo julle dit? Dit is nie in die Bybel nie, niks daarvan nie.

115 Iemand het gesê: "Wat dink jy van daardie priester hieronder nou die dag, wat weggeloop het met daardie vrou en met haar getrou het?"

Ek het gesê: "Hy het die reg gehad. Hy het net soveel reg om te trou as wat ek het, of enigiemand anders. Jy kan dit nie in die Bybel kry nie."

'n Katolieke seun het gesê: "Is dit reg, Billy?"

Ek het gesê: "Dis die waarheid."

Hy het gesê: "Wys dit vir my."

116 En ek het gesê: "Wel, ek sal dit vir jou wys in die Bybel, dat 'troue eerbaar is onder almal.' Halleluja! Paulus het gesê: 'Elke man moet sy eie vrou hê.' Dis presies reg." Ek het gesê: "Dis 'n —'n Roomse ding, en daar's niks meer waarheid daaraan as wat daar is aan die bodemlose putte van die hel nie." Halleluja! Ek glo God se Woord. Ek moet iets glo, en Hierdie is SO SPREEK DIE HERE!

117 Eenkeer het hulle 'n klomp van daardie predikers daar gehad soos daardie, destyds in die Ou Testament, hulle 'n hele klomp goed geleer. Ek sal julle wys watter—watter soort geleerdheid hulle gehad het. Hulle het hulle alles geleer van die teologie van daardie dag, die skool van die profete. En hulle het eendag gekom om 'n ware profeet te sien. Die profeet het vir een van hulle gesê: "Gaan uit en soek vir jou 'n skoot vol van—van sopgoed nou, ons sal die groot ketel opsit, ons gaan 'n—'n baie groot kooksel ertjies hierbuite hê."

118 En weet julle wat daardie prediker gedoen het? Hy het uitgegaan en 'n skoot vol karkoere gepluk, groen karkoere van 'n wilde rank af. Man, 'n kêrel wat nie die verskil geken het tussen ertjies en 'n wilde karkoer nie, is nogal 'n prediker, ek sê jou. Hy het hulle in die pot gegooi en dit begin kook. Voor jy jou kom kry, het almal 'n groot bord vol daarvan gekry soos daardie, en gesê: "Daar's dood in die pot."

119 Dis wat die probleem vandag is, daar's dood in die pot! Party van hierdie ou koue kweekskool, formele, goddelose plekke wat aangaan, om bietjie teologie te probeer leer. Hulle maak die mense dood, neem hulle weg van Christus. Ons het die doop van die Heilige Gees nodig om Lewe te gee. Halleluja! Sjoe! Ek voel nou omtrent twee keer my grootte. Maar dis die waarheid, broer, julle kook iets. Dis reg, julle kook iets, maar wat kook julle? Dis die volgende ding. 'n Kêrel wat nie die verskil geken het tussen groen karkoere en ertjies nie! Dis omtrent soos party van hulle. Dis die waarheid. Ja, meneer.

Gesê: "Daar's dood in die pot."

120 Ou Elisa was 'n ware profeet. Hy het gesê: "O, moenie daaroor bekommerd wees nie. Moenie so ontsteld raak nie." Amen. Ons het 'n kêrel hier wat 'n dubbele porsie het. Halleluja! Hy was oor na Kanaänsland toe, het teruggekeer, het 'n dubbele porsie gehad. Gesê. . .Hulle weet wat om te doen wanneer probleme kom. Gesê: "Gaan kry vir my 'n handvol meel." Hy het die meel geneem en dit in die pot gegooi. Gesê: "Eet nou soveel as wat julle wil. Dis nou alles reg."

121 Waarom die meel? Die meel was daar vir die beweeg-offer, vir die meeloffer, die beweeg-offer voor die Here. En daardie meel moes gemaal word deur die meulsteen wat elke korrel dieselfde gemaal het. Daardie beweeg-offer was Christus. Sit Christus in, elke meulsteen dieselfde gemaal. Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Wanneer daar dood in die pot is, sit Christus daarin. Halleluja. Sjoe! Glorie! Halleluja!

122 Ek het die eerste keer iemand gesien met die Heilige Gees, was 'n ou gekleurde man met 'n groot, lang oorjas aan. Hulle moes hom uithelp (hy was so oud) soos *hierdie*, en hy het daar opgekom en begin preek. Baie van daardie predikers het begin preek oor, o, wat hier op aarde gebeur het. Hy het sy teks van agter in Job geneem: "'Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het, toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het van vreugde?'" Hy het gesê: "Julle dink ons het een of ander nuwe soort godsdiens." Gesê: "Broer, ek het net 'n outydse geval, of 'n splinternuwe geval van outydse godsdiens." Naderhand het die Heilige Gees hom beetgekry. Arme ou kêrel was so styf, hy het daar gestaan; hy het homself regop getrek, sy hakke teen mekaar geklap, en gesê: "Glorie! Halleluja!" Gesê: "Julle het nie genoeg plek hierbo vir my om te preek nie," van die platvorm afgestap.

123 Ek het gesê: "Broer, as Dit dit sal doen vir 'n man van tagtig jaar oud, wat sal Dit vir my doen? Ek wil Dit hê!" Halleluja! Reg. Ja, meneer, ek het 'n lekker tyd gehad. Reguit uitgegaan in 'n mielieland, en op my ou geroeste knieë het ek gegaan, en het Daarvoor gebid. Dis reg.

124 Soos ou Buddy Robinson, wat aangegaan het, wou die Heilige Gees hê. Gesê: "Prys God! Ek wou so graag die Heilige Gees hê,

ek het nie geweet wat om te doen nie." Hy het gesê: "Ek het mielies geploeg een oggend met ou Alec," sy muil. Gesê: "Alec het aanhou trap op die mielies. Ek het kwaad geword vir hom, soontoe gehardloop en hom aan die oor gebyt so hard as wat ek kon. Alec het na my geskop." Gesê: "Ek het soontoe gegaan en gaan sit. Ek het na hom gekyk, hy het daar gestaan." Gesê: "Ek het ou Alec gebyt so hard as wat ek kon." Gesê: "Ek het na hom gekyk, gesê: 'Alec.'" Gesê, hy het gesê: "'Alec, ek's jammer. Ek sal dit nie weer doen nie.'" Gesê: "Alec het omgekyk, gesê: 'Jy nie meer godsdiens kry as wat jy nou het nie, sal jy my weer so behandel.'" Goeiste, goeiste! Dis reg. Hy het gesê: "Ek het gekniel in die mieliery, en gesê: 'Goeie Heer, gee my baie kennis in die gewelpunt van my siel. Help my veg teen die duiwel solank ek 'n tand in my mond het, hom dan met my tandvleis byt tot ek sterf.'" Hy het gesê: "'Here, as U my nie die Heilige Gees gee nie, wanneer U terugkom aarde toe, gaan U 'n hoop bene kry wat net hier lê.'" Hy het Dit gekry. Amen. Dis reg.

125 Jy regtig kniel en dit bedoel voor God, sal God jou oorneem, daar oorkant. Maak nie saak wat die kweekskoolpredikers sê nie, ons kan die Heilige Gees kry omdat God Dit vir ons belowe het.

126 Dis waar Kaleb sy geloof gebaseer—gebaseer het, dis waar Josua dit gebaseer het, want God het gesê: "Dis julle s'n, Ek het Dit alreeds vir julle gegee." Halleluja! Ek hou daarvan. Nie "Ek sal" nie. "Ek het!"

127 "Dié wat Hy geroep het, het Hy geregverdig." Is dit reg? "En dié wat Hy geregverdig het, het Hy verheerlik." Is dit reg? Dan, broer, is ons in die Hemel alreeds verheerlik saam met Christus Jesus. Halleluja! Dis reg. Laat die duiwel net gil en skree en al sy woede aanvalle kry wat hy wil. SO SPREEK DIE HERE! Dis reg. O, goeiste!

128 Laat ons hier iewers heen gaan, êrens anders begin preek waar julle bietjie wegkom van daar af. O, hoe wonderlik! Hulle het daarna begin murmureer, stry. Kom ons gaan oor na omtrent die 21ste hoofstuk, en begin by omtrent die 5de vers. Hulle het daar begin murmureer, en stry, aangaan; die watertoevoer afgesny.

Miskien is dit wat fout is met die kerk vanaand, te veel stry en baklei! Die watertoevoer is afgesny.

129 Julle weet, ek—ek reis baie rond oor die wêreld. En een van die dorings, wreedste plekke om te probeer lê, is in die woestyn. Alles daar het 'n stekel aan. Weet julle hoekom? Elke ou soort onkruidjie is 'n kaktus. Jy kan nêrens gaan lê nie, dit steek jou. Die rede daarvoor is, hulle het niks water nie. Water maak dit sag. Waar daar baie water is, het jy nie enige dorings en distels, waar daar baie water is nie.

130 En ek sê jou, broer, vat jy 'n ou kerk wat droog is in sy been, en niks Heilige Gees daarin nie, en niks verlossing,

niks Goddelike genesing, niks krag van God, niks uitroep, niks vreugde nie, en dis altyd: "*Hierdie*, o, sy het *dit* gedoen, en hy het *dit* gedoen, en hy het *dit* gedoen," stekel, stekel, stekel. Wat julle nodig het, is 'n goeie outydse uitstort, uitspuit, van die Heilige Gees, halleluja, en 'n bietjie sag word. Amen! Dit beteken "laat dit so wees." Branham Tabernakel het ook 'n goeie dosis daarvan nodig. Dis reg. O, is dit reg? Amen! O, ek het 'n lekker tyd hierbo. My klere pas my net presies reg, Broer Higginbotham. Ja, meneer. My kraag is nie te groot nie, my hemp pas, voel net goed. Selfs my vrou is nie hier nie, so ek—ek kan net 'n wonderlike tyd hê. O, moet haar nie sê nie, nee. Goed, maar ek het 'n lekker tyd!

Jy sê: "Jy's gelukkig?"

131 Ek's beslis gelukkig. Hoe kan ek nie gelukkig wees, en weet wat ek weet nie? Amen. Christus het my gered, my gevul met die Heilige Gees, my 'n kaartjie gegee Hemel toe. Ek het net 'n lekker tyd, gaan aan, sê: "Komaan, almal van julle." Ja, meneer.

132 Herinner my aan 'n kêrel wat eenkeer gegaan het om 'n hen te laat broei. En die ou hen het. . . Hy het genoeg eiers gehad vir 'n broeisel behalwe een. En hy het nie gehad. . . Hy het gedink: "Wat gaan ek doen vir daardie een eier?" So hy gaan uit en hy kry 'n eend-eier, en hy sit dit onder die ou hen.

133 En die ou hen het al haar hoenders uitgebroei, en 'n eend, ook. En hulle het aangestap op die plaaswerf, julle weet. En as daardie ou eendjie nie uit sy plek gelyk het nie; omtrent soos een van julle holy-rollers nou, julle weet. Rondgeloop: "Kwaak-kwaak, kwaak-kwaak," soos daardie. En, o, hulle sou agter die skuur uitgaan, julle weet, en die ou hen sou 'n sprinkaan vang. En: "kwaak-kwaak, kwaak-kwaak." Hier sou sy gaan: "Kloek-kloek, kloek-kloek." En hier kom die kuikentjies wat so na haar toe hardloop, elkeen. Maar die ou eendjie het nie geweet wat die roep, "kwaak-kwaak" was nie. Hy het nie geweet wat al die stof beteken het nie, dit het in sy neusgate en alles beland. Hy het na 'n koddige kêreltjie gelyk, uit sy plek uit.

134 Soos 'n goeie outydse Heilige Gees lidmaat in 'n ou koue formele kerk, net uit plek uit. Praat van al *dit*, *dat*, en die *ander*, en wie president is. Hulle wil weet Wie, God, hulle wil weet van God.

135 Maar, julle weet, daardie ou hen het eendag 'n fout gemaak, net soos wat die ou kerk gedoen het. Dis reg. Sy het eendag uitgegaan, ver bo-op die plaaswerf waarnatoe hulle altyd gegaan het en naderhand het die ou eendjie sy kop uitgesteek, en, snuif, snuif, snuif, snuif, hy het water geruik. Dit was sy geaardheid, julle weet. Amen. Hy het water geruik. Hy het gesê: "Honk-honk, honk-honk." O, goeiste! Hy was in elk geval nie 'n hoender-geaardheid nie, hy was 'n eend-geaardheid. So hy het die water geruik, daar het 'n stroom daar afgeloop. Die ou hen het geskree: "Kloek-kloek, kloek-kloek, kloek!"

Hy het geskree: "Honk-honk, honk-honk," reguit na die water toe gegaan so vinnig as wat hy kon.

136 Dis hoe dit dan is wanneer 'n man gebore word in die Koninkryk van God. Die ou kerk kan sê: "Gee pad van daardie holy-rollers af, dis onsin, dis *dit*, *dat*, die *ander*." "Honk-honk, honk," hy moet by die water kom! Halleluja.

137 Glorie! "Hy wat glo en gedoop word, sal gered word." Prys God! Julle sê dis malheid; maar, broer, ons is bly!

138 "Honk-honk, honk-honk, honk-honk." Daardie eendjies het na die water toe gegaan. Wat was dit? Dit was sy geaardheid. Hy kon dit nie help nie. Daar was iets in hom, wat geroep het na die water.

139 En wanneer God in 'n hart is, sal dit jou roep na 'n outydse, Heilige Gees diens. Prys God! Glorie! Dis reg, broer, ek weet dis my geaardheid. Halleluja! Tensy jou geaaardheid verander is, sal jy steeds luister na die gekloek van die ou hen. Maar wanneer jy water ruik, as jy 'n eend is, is jy 'n verlore eendjie, want jy is op pad na die water toe. Halleluja!

140 Josua het gesê: "Ag, ons kan dit maak." Josua het gesê: "Ons kan dit doen." Kaleb het gesê: "Ons kan dit doen."

"Hoe weet jy ons kan dit doen?"

141 Hy het gesê: "Want God het so gesê, en ons gaan oor. Ons gaan dit maak, en ons gaan dit doen." En daar het hulle gegaan! Hulle het vertrek na die land, en hulle het die bewys van die Heilige Gees gekry, en hulle het teruggekom om dit te bewys. Die land was goed, dit het goeie druiwe gedra. Ek is bly daaroor, is julle nie? O, goeiste, eet hulle net en kwyl soos 'n perd wat klawer vreet. Dis reg. Ja, meneer, net 'n lekker tyd hê, geniet.

142 Wat gee ek om wat die wêreld sê? Niks vir my nie. Die einste God wat my opgewek het, wat my siel gered en my hier uitgestuur het, om te bid vir konings en alles, oor die land. Dit was hierdie goeie outydse Heilige Gees wat dit gedoen het. Ek was nog nooit skaam Daarvoor nie. Ek het gesê in konings se paleise: "Ek het die doop van die Heilige Gees ontvang." Halleluja. Dis reg. Hulle is ook honger. Hulle honger en dors.

143 Kyk hier, hulle het begin murmureer en begin kla. Die watertoevoer was afgesny.

144 Nou opskud. Hoeveel tyd het ons? Sê, ek's jammer, ek's laat. Verskoon my dat ek te lank leer. O, ek het nog nie geleer nie, het ek? Maar net 'n oomblik, ek sal oor 'n rukkie by my les uitkom. Nee, ek het net met julle gespeel, sit stil. Kom ons kry net 'n paar woorde hier, ek het iets wat ek wil sê.

145 Die 5de vers van die 21ste hoofstuk nou, en luister baie goed.

> *En die volk het teen God en teen Moses gespreek,* Waar *het U ons* in *uitgebring*, uit *Egipte* . . . in hierdie *woestyn*

in?...waar daar geen *water is nie; en—en ons* siele *walg van hierdie ellendige brood.*

146 Nadat gevul is met die goeie Engelekos en alles, het hulle gesê: "O, ons is moeg daarvoor. Ons wil graag 'n bietjie knoffel en 'n bietjie rog hê." Hulle wou die ou vleispotte van Egipte hê.

*Toe stuur die HERE giftige slange onder die volk, en... die volk gebyt het; en baie mense het...gesterf.*

*En...na Moses gekom, en gesê, Ons het gesondig en ons het teen die HERE en teen u gespreek; bid tot die HERE, dat hy die* giftige *slange van ons wegneem. En Moses het vir die volk gebid.*

*Daarop sê die HERE aan Moses, Maak...'n giftige slang, en sit dit* op *'n paal: dan sal elkeen wat gebyt is, en daarna kyk, lewe.*

*Toe het Moses 'n slang* uit *koper gemaak, en* hy *het dit* op *'n paal gesit, en as 'n—as 'n slang* 'n *man gebyt het, en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly.*

147 O, laat ek dit kry, daardie dingetjie daar voor ons môre-aand se diens begin. Die Koperslang. Soos die geslaande Rots gisteraand, soos ons geëindig het by die geslaande Rots; die Koperslang was Jesus Christus.

Julle sê: "'n Slang?" Ja.

148 Die *slang* verteenwoordig "sonde wat alreeds veroordeel is." God het die slang veroordeel in die tuin van Eden, in die 3de hoofstuk van Génesis, en die 14de vers, God het alreeds oordeel oor die Slang uitgespreek. O, hy was mooi, en het regop geloop, hy was listiger as al die diere van die veld. Maar God het hom veroordeel, en hom op sy maag gesit vir die res van sy dae, op sy maag. Veroordeel!

149 En Christus is "ons sondes wat veroordeel is." Amen. Sien julle dit? Pragtig. My sonde, julle sondes, behoort regverdiglik hel toe te gaan en gestraf te word vir ons sondes. Maar Christus het ons plek geneem. Die slang, dis hoekom dit Christus voorgestel het.

150 Koper, die slang wat van koper gemaak is, het beteken "Goddelike oordeel." Nou, die *slang* was "sonde wat alreeds veroordeel is," en die *koper* het beteken "Goddelike oordeel."

151 Soos die koper-altaar. Die altaar is van koper gemaak, wat die liggame van die offerande verbrand het. Eksodus 17de hoofstuk sal julle dit vind, dan, julle wat julle Skrifte neerskryf.

152 Nou, hulle het die dier geneem, hulle het dit gewas (volmaakte tipe, doop), dit ingebring, hulle hande daarop gesit (hulle sondes bely), die keel afgesny. Die bloed was...bloed is gestort, en die vleis is verbrand, by die bloed op die offerblok, op die altaar, koper-altaar, waar die sondes verwerp is, waar

hulle. . .waar die regverdige God algehele skeiding vereis het. En die Goddelike oordeel van God, met die vuur, het die sonde-offer verbrand. Halleluja.

God se Goddelike oordeel was op Jesus Christus.

153 Kyk, Goddelike oordeel weer in die dae van Elía, wys dat dit Goddelike oordeel is. Elí-. . . Daar het 'n tyd aangebreek toe daar niks was nie, die mense God verlaat het. En Elía het op die berg gegaan, en hy het gebid. Hy het voor die koning gekom, en gesê: "Nie eens dou sal uit die hemel val totdat ek daarvoor vra nie." En vir drie jaar en ses maande, het die dou nie eens op die aarde gekom nie.

154 En toe dit by die plek kom, het Elía gesê: "Laat ons bewys Wie God is, die God van vuur." Ons God is 'n verterende Vuur. "Laat die God wat met vuur antwoord."

155 Dis wat ek vanaand sê. Laat die God wat met Vuur antwoord, die Heilige Gees en Vuur, laat Hom God wees!

156 Nou het hulle gesit die. . .Kyk, hy het opgegaan nadat hulle die vuur uit die hemel gebring het, ensovoorts, en die offer verteer het, het hulle opgekyk in die lug, en dit het gelyk soos koper. Wat was dit? Goddelike oordeel oor die hele volk.

157 En broer, suster, as jy vandag sal rondkyk, sal jy weer die kleur van koper sien. Goddelike oordeel wat oor 'n volk kom. Oordeel! Die giftige [Eng. "fiery"—Vert.] slang, giftige slange, Goddelike oordeel daarin.

158 Nou kyk, hy het hierdie paal opgelig wat die—die slang daarop gehad het, van koper gemaak. En wie ook al na daardie slang gekyk het, is genees van hulle siektes.

159 Wat 'n pragtige prentjie van Jesus Christus vanaand! Hy het gesê: "Soos Moses, net soos Moses die koperslang in die woestyn verhoog het!" Hier is dit, begryp dit nou. As jy siek is, sal jy uitvind wat jou sal genees. Soos Jesus gesê het: "Soos Moses die koperslang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word." Dieselfde rede, [Leë kol op band—Red.] in 'n veelvuldige rede, [Leë kol op band.] "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

160 Hulle het teen God en teen Moses gemurmureer en is deur slange gebyt. Die slang het gesorg vir 'n tweeledige aanwending. Die eerste was om hulle sonde te vergewe, en hulle siekte te genees.

En Jesus was opgelig dat Hy ons sonde kon vergewe, en ons siekte genees.

161 Volgende op die pad, daarna het Bileam, die huurling profeet, afgekom om Israel te stop. O, goeiste! Ons sal daarop ingaan môre-aand, hoedat daardie kêrel. . .En 'n stomme muil moes praat en hom bestraf. 'n Prediker buite die wil van God, en sy

gedagtes op geld, wat soontoe gegaan het, en 'n muil moes hom daaronder bestraf, 'n stomme muil. As God deur 'n stomme muil kan praat, kan Hy sekerlik deur 'n man! Ja, meneer.

162 Let daar op, arme ou Moses, na al daardie tyd. Ek wil julle wys wat 'n man voor God is. Hoe Korag en hulle almal . . . Let op toe God vir Moses gesê het: "Kom uit die pad uit, Moses, Ek gaan die hele klomp van hulle vernietig, en 'n magtige volk uit jou maak."

163 En Moses het homself voor God gegooi, in die bresse getree, en gesê: "God, vat my!" En God kon nie oor daardie man gaan nie, 'n krag van 'n gelowige voor God. Kyk daar.

164 Kyk na ou Jesaja, wat gaan en vir die profeet Hiskia sê: "Kry jou huis in orde, jy gaan sterf. SO SPREEK DIE HERE."

165 Wat 'n verleentheid was dit om, binne 'n paar uur, weer om te draai. Die Heilige Gees het hom ontmoet. Want, Hiskía het sy gesig na die muur gedraai en bitterlik geween, en gesê: "Here, ek smeek U om aan my te dink. Ek het voor U gewandel met 'n volmaakte hart." En daar het trane teen sy wang afgeloop. En God het alreeds sy lot verseël, maar gebed het dinge verander.

Hy het vir die profeet gesê: "Gaan terug en sê vir hom."

166 Kyk watter stryder was Moses! In sy laaste ure, het hy daar afgegaan met daardie verskriklike humeur, en homself uiteindelik verheerlik in plaas van God, en God wou hom nie toelaat . . . Natuurlik, dit was alles voorafgeskadu net soos die organisasies vandag, Metodiste, Baptiste, Pinkster, al die res van hulle, hulle verheerlik hulleself.

167 'n Paar dae gelede, een van die grootste kerke, net omdat hulle nie die enigste eend in die poel kon wees nie, hulle 'n diens soos daardie afgekeur. Ek het gesê: "Ek hoef nie julle samewerking te hê nie. Waar die arende is, die kark- . . . waar die karkas is, sal die arende versamel." En dit was reg. Ja, meneer. Vertel jy net die Waarheid, God sal vir die res daarvan sorg.

En daar was hulle: "O, ons het die sê."

168 Ek het gesê: "Ek gee nie om wat julle is nie. God is die Een wat die sê in ons lewens het." Dis reg. Dit neem God, nie wat die kerk sê nie. En die kerk, elkeen van hulle . . . Enige historikus hier is gewillig om dit te ondersoek. Daar was nog nooit 'n kerk wat ooit geval het wat ooit weer opgestaan het nie. God sit hulle op die rak. Hulle het nooit. Die Lutheraan het geval, die Metodis het geval, die Presbiteriaan, Baptis, regdeur, en die Pinkster, ook. God gooi hulle net terug op die rak.

169 En as—as julle glo dat ek God se profeet is, luister julle hierna. En ek sê dit onder inspirasie. Nie presies nou nie, maar wat voor dit gekom het; dat daar nie een organisasie verteenwoordig sal wees (van, wat ek bedoel, die hele organisasie) in die Koninkryk van God nie; maar God sal uit

elkeen van hulle uittrek, die room van die oes, en dit vul met die Gees, en dit opneem na die Heerlikheid. Dis reg.

170 Die Bybel voorspel dat die laaste kerktydperk die Laodicése Kerktydperk is, wat 'n louwarme is. En dis net so ver as wat die kerk vandag gekom het. Dis reg. Hulle het afgekom na waar hulle miskien hulle hande 'n bietjie kan klap, en 'n bietjie geraas maak, en opspring en die meubels 'n rukkie skop. Maar wanneer dit kom by om regtig 'n suiwer, heilige, onvervalste, geheiligde lewe te lei, is hulle so ver weg as wat die nag van die dag is. Dis reg. Wat ons vandag nodig het, is 'n outydse uitsterf, broer; waar dit nie is om terug te gaan na die altaar en daar te kom, en weer terug te gaan na die altaar, terug te gaan na die altaar toe nie. Gaan soontoe en bly totdat jy dood is, en dan weet 'n dooie man niks van die wêreld nie. Halleluja! Wil nie weer daarmee begin nie. Kyk, broer, laat ek vir jou sê.

171 God, nadat Hy Sy arme ou dienaar gehad het, Moses... Iemand het eenkeer vir my gesê, gesê: "Ek sê jou, dit wys God, as jy hom God noem." Gesê: "Hy het sy dienskneg teleurgestel. Na..."

172 Moses se lewe het in 'n siklus van veertig beweeg. Hy is geroep, op veertig, en geweier deur sy broers. Uitgegaan in die woestyn en skape opgepas vir veertig jaar. Toe hy tagtig was, het Hy hom afgestuur om Israel uit Egipte te verlos. En toe hy naby die beloofde land gekom het, was hy 'n honderd-en-twintig jaar oud. Hy het die treë van 'n jong man gehad, en sy sig het hom nooit gefaal nie, dis reg, op 'n honderd-en-twintig.

173 Maar toe hy homself, in plaas van God, daar verheerlik het, voor daardie Rots; toe God hom vertel, gesê het: "Gaan, spreek die Rots aan. Moet Dit nie slaan nie. Spreek Dit aan." (Die Rots is net een keer geslaan.)

174 En Moses het sy humeur verloor, en afgehardloop soontoe en die Rots geslaan. Dit het nie water gebring nie. Hy het Dit weer geslaan, Dit het water gebring. Gesê: "Julle wederstrewiges, moet ons vir julle water uit hierdie Rots bring?" Soos daardie, en die waters voortgebring, omdat God na daardie profeet moes luister omdat Hy hom daardie krag gegee het. En dit het die hele program van God se Bybel verbreek.

175 Christus is een keer geslaan. Ons spreek nou die Rots aan, en Dit bring Sy water voort, sien. Dis alreeds geslaan. Praat net Daarmee, en Dit bring Sy water voort.

176 Nou, ek sien hom daardie oggend. O, wanneer ek aan hierdie prentjie dink, wil my hart amper ingee. Ek sien vir Moses, hy het geweet... God het gesê: "Moses, sê vir hulle almal 'vaarwel,' jou gemeente. Ek gaan jou nou 'n bietjie hoër oproep, vandag."

177 Ek kan vir ou Moses daar sien staan, daardie lang wit baard, en sy hare wat afhang langs sy gesig, sy ou oë wat verdof het met trane, soos hy oor sy gehoor gekyk het. Hoe hy geval het op die...

Hoe hulle gemurmureer het, en hoe hy vir hulle gestaan het. Hy het oor hulle almal gekyk. Hy het teen die berg begin oploop. Hy het teen die berg opgegaan, hy het weer omgedraai, hy het totsiens begin wuif vir hulle. Hy het opgeklim, tot reg bo-op die berg. Dit was in die maand van April. Hy het gestaan en oorkyk in die beloofde land in. O, hoe hy wou oorgaan! Goeiste, sy arme ou hart was aan die breek. Hy wou oorgaan na die beloofde land saam met daardie klomp Jode wat hy gelei het en in die pad gestaan het. En daar was hy, hy het daar oorkant gekyk, en die trane wat teen sy wange afloop. Hy het omgedraai en weer vir die mense gewaai, totsiens, hulle ou pastoor. Hy was besig om weg te gaan. Hy het soos *daardie* vir hulle gewaai. Hy het weer oorkant toe gekyk.

178 En as ek net kon staan waar Moses gestaan het en oor die landskap kon kyk! As God wil, binne die volgende paar maande, wil ek daar op die berg staan en oorkyk waar hulle oorgegaan het.

179 Ek het nou die dag 'n film gesien, waar van die broers, omtrent veertig van my broers uit die veldtogte, daarbinne, soontoe gegaan het, en hulle het 'n filmrol daarvan geneem. En toe hulle daar oorgegaan het, daardie kêrels wat gegil en geskree het, amper al die bosse op die wal verwoes het, waar die kinders van Israel daar opgegaan het, waar Jesus gedoop is. En elkeen van daardie predikers het in die water ingespring, met klere en al aan, en weer mekaar oorgedoop, elkeen van hulle. O, broer, daar's iets daarin wat beweeg en roer. Ons lewe . . . Hulle sou in 'n motor klim, hulle sou 'n entjie ry, en sê: daardie reis gevolg daar waar die kinders van Israel het. Soos ou Buddy Robinson gesê het: "Stop hierdie ding, nou dadelik!" En hy het uitgeklim en om en om, en om gehardloop, geskree rondom die plek, en uitgeroep: "Prys God! Halleluja!" Weer ingespring, gesê: "Ry maar weer." Dis reg. Hy het net so 'n tyd gehad! Sekerlik!

180 As ek kon staan waar Moses gestaan het, op daardie Rots, oorgekyk het in die beloofde land in! Hy wou gaan, en hy het omgekyk na sy gemeente, weer totsiens gewaai vir hulle. Die trane wat van sy lang baard afgedrup het. Sy uur was aan die kom. Sy moue, oor sy moue hier geloop, die pols het in die mou begin opkom, 'n ou veteraan.

181 Ek kan jou net nou sê, broer, moenie dink ek gaan hierdie 'n bietjie "Baptis" vir 'n rukkie nie, maar, broer, hy was nie verlore nie. Nee, hy was nie. God sal nie Sy dienskneg in die steek laat nie.

182 Daar het die moue opgekom soos *hierdie*. En voor jy jou kom kry, is hy gevang, pols—pols wat afkoel. Sy oë het begin swak word soos hy daar oorkant, in daardie land ingekyk het. Hoe hy wou oorgaan! O, goeiste! Sy hart was aan die breek.

183 En net toe hy gereed gemaak het om uit hierdie lewe uit te beweeg, het hy gekyk, langs hom het gestaan, daar het die Rots gestaan. Net solank Hy daar is, dis al. Hy het oorgetree op die Rots. Die Engele het gekom, hom weggedra.

184 Agthonderd jaar daarna, daar het hy gestaan oorkant in die beloofde land, langs Elía, besig om met Jesus te praat. Hy laat jou nie in die steek nie.

185 Een van hierdie dae moet ek by die einde van die pad kom. Ek's nou drie-en-veertig jaar oud, redelik gedaan. Ek het twintig jaar gepreek. Ek het deur water geloop en ys gebreek en gestaan en gedoop tot ek amper gevries het. Ek het te kort gehad, klaargekom met gebrek, in die oerwoude en alles ingegaan, en siektes en alles wat inwag. Ek weet nie hoe lank ek sal bly nie. Maar as ek sal lewe om langer as dit te sien, miskien wanneer ek 'n ou man word, as Jesus vertoef, sal ek waarskynlik staan met watter hare ek het wat laag afhang. Al my mense kry die verlamming wanneer hulle oud word, hulle bewe. Wanneer ek my pad deur elke stryd gestry het, al my vriende en dinge al heengegaan het, en ek staan daar en hoor die water wat daar oorkom, ek bewe op my kierie, soos *hierdie*, wil ek die ou Swaard hier neem en haar terugsteek in die skede van die Ewigheid, my helm afhaal en dit neerlê, my hand opsteek, halleluja, en sê: "Here, stoot die Reddingsboot uit, ek kom vanmôre oor, ek kom oor die rivier." Hy sal my nie dan in die steek laat nie.

186 En terwyl ek hier is, terwyl dit lig is, sal ek preek en bid, en smeek en sing, en alles doen wat ek kan vir die Koninkryk van God. Wanneer my siel begin oplig uit hierdie liggaam, en ek afkyk en my voetspore sien, wil ek hulle in die regte soort plek hê, waar: "Skeidings voetspore agter ons laat op die sand van die tyd."

Sal ons ons hoofde buig. Teddy, gaan 'n oomblik na die klavier toe.

187 Ons Hemelse Vader, o, vir hierdie groot vreugdevolle tye, hoe bly! Ek reken ek raak 'n bietjie buite myself, Here, net die Heilige Gees wat net my siel doop. Ek kan dit net nie help nie, Iets kry my net beet. Ek's so dankbaar, Here, om al die skottelgoedpanne en slote skoon te hê, sodat die Heilige Gees kan kom. Die knak uit die tuinslang te hou, sodat die verlossingwater enige tyd kan instort wat God wil hê Dit moet. Bid dit uit. Soos Elisa vir Jósafat vertel en gesê het: "Grawe slote. Haal al die klippe uit, al die stokke en stompe. Daar gaan water kom."

188 Dankie, Here, U was hier vanaand. En ek dink aan ou profeet Moses, God, seën sy dapper siel, soos hy daar op die berg gestaan het, oorgekyk het in die beloofde land in, staan ons vanaand en kyk in daardie rigting, Here. Die enigste ding wat ek U vra, vir myself, is om daardie Rots daar te laat wees wanneer ek gaan. God, dit sal reg wees met my. En alles wat ek ooit in die

lewe gedoen het, Here, as ek net kan opkruip en U heilige voete aanraak, eenkeer, hulle streel met my onwaardige hand, sal dit my 'n miljoen keer terugbetaal. Ons weet almal ons moet daardie pad volg. Party van ons mag binne 'n paar uur. Ek weet nie. U weet.

189 Terwyl ons hier is vanaand, Vader, en die Heilige Gees nog steeds teenwoordig is (onder was om U mense te seën), Vader, vra ek U iets. Is daar iemand hier wat ongered is, Here, wat U nie ken as hulle persoonlike Verlosser nie, nie weet hoe hulle voor U staan nie? Ek gaan U vra, Here, as U net sal. . . Nie dat hierdie mense my nou hoor nie, maar ek gaan U vra of U net met daardie hart sal praat en hulle moed sal gee vanaand.

190 Mag dalk die finale roep wees. Hoe weet ons? Waarom 'n kans vat wanneer die hele Ewigheid Hierop berus?

191 As daar is, Here, of een afgedwaalde een, van die Pad af, die heuwel mag klim om oor te kyk in die land in, en dan verwerp word. God, mag die Rots met hulle wees, bid ek. Help ons nou, en seën hierdie gehoor terwyl ons wag.

192 Nou, as daar 'n man of vrou hierbinne is, seun of dogter, met julle hoof gebuig. . . En moet niemand opkyk nie, asseblief. Mense is baie skugter, partymaal, liggeraak oor hierdie sake, maar dames en here.

193 Ek het baie—baie grond wat agter my lê, in hierdie drie-en-veertig jaar. Net 'n paar dae gelede, was ek 'n ou klein seuntjie wat hier rondgehardloop het, albaster gespeel het saam met julle. Wel, ek word swak. Ek kan dit voel. Ek—ek het vir twintig jaar probeer, om Iets aan julle te probeer bekendstel.

194 Jeffersonville, waarom verwerp julle Dit? Toe God Dit bevestig het, Sy Engel gestuur het, die foto Daarvan geneem het, Dis bekend om die wêreld, waarom sou julle dink Dit was een of ander soort van 'n—'n skyngelowige ding?

195 Is jy sonder God vanaand? Jy sou Hom eintlik graag wou ken. Jy weet jy wil daardie soort verlossing hê voor jy sterf.

196 Hier 'n tyd gelede, in hierdie einste stad, was daar 'n jong meisie wat behoort het aan 'n sekere kerk hier in die stad, sy het gedink sy was reg. Haar pastoor het vir haar gesê sy was reg. Sy het gespot met 'n dogtertjie wat kerk toe gekom het, want sy wou nie na 'n vertoning toe gaan nie. Sy het gesê: "Jou pastoor is verkramp."

Die dogtertjie het gesê: "Dis alles reg."

197 Naderhand het sy uitgegaan met rowwe vriende, en sy het 'n siekte gekry en dit te ver laat gaan. Die dokter, 'n sekere dokter van hierdie stad, het gegaan om haar te ondersoek; uitgevind, sy is opgevreet deur veneriese siekte. Sy het net daarna gesterf. Hulle. . . Sy was 'n Sondagskoolonderwyseres in hierdie groot kerk. Hulle was almal daarbuite, en om haar Hemel toe te sien

gaan. En net omtrent tyd, het haar Sondagskoolklas ingekom. Haar pastoor wat uitstap in die gang, 'n sigaret rook. En toe omtrent tyd vir haar om weg te vlieg, die Engele om haar te kom haal; het sy opgestaan, sy het gesê: "Waar's die pastoor?" Hulle het gegaan en hom gaan haal. Sy het gesê: "Jou bedrieër van mense!" Gesê: "Hoekom het jy my in hierdie toestand laat beland? Ek's verlore!"

198 Moenie bekommerd wees nie, Adam het geweet hy het vyeblare aangehad toe hy voor God gekom het. Dit was heel in die haak toe God nie naby was nie. Gesê: "Hoekom het jy my soos hierdie laat gaan?" Gesê: "Waar is daardie ou meisietjie van daarbo by daardie tabernakel?"

"O, sy. . ." Hy het gesê: "Jy's—jy's—jy's histeries, gaan 'n dokter bel om vir jou 'n inspuiting te gee."

Sy het gesê: "Jou bedrieër van mense! Ek is verlore, en my siel gaan hel toe, as gevolg van jou." Sy het haar kop laat sak.

199 En 'n goeie vriend van my wat net nou hier by die motorhawe werk, het vir 'n ondernemer gewerk. Hulle het afgegaan om die vloeistof in haar liggaam te pomp, en hy het aanhou pomp, hulle het die vloeistof bly ruik, en kon nie haar are vol kry nie, en gekom om haar klere uit te trek, en gekyk, en daar was 'n gat in haar liggaam gevreet daar so groot soos jou vuis, amper. Veneriese siekte het dit uitgevreet. O, ja, sy was "Gaan 'n lekker tyd hê. Hierdie ou meisietjie was 'n holy-roller." Moenie enigiets onderskat nie, vriend.

200 Ken jy Hom vanaand? Is jy regtig gered? Ek vra jou, in Jesus' Naam. As daar 'n man of vrou, seun of dogter, hierbinne is vanaand, wat nie gered is, wedergebore is nie, sal jy jou hand opsteek? Sê: "Bid vir my, Broer Branham." Nou elke hoof gebuig. Ja, God seën jou, jong dame. God seën jou, jou, jou, jou, jou, jou, jou. God seën jou. God seën jou, jou, jou. Agter aan die agterkant, ja, God seën jou. God seën jou opregtheid, jong man, ek sien jou. Wonderlik. Twintig of dertig hande in hierdie geboutjie, nie wedergebore nie. Die Heilige Gees was hier vanaand, om met julle te praat. Hy's nou hier. Julle het Hom nodig. Waarom kom julle nie? Sal julle nie opkom na die altaar toe en kniel nie? Sê: "Here God, ek gaan U as my persoonlike Verlosser aanneem vanaand. Ek gaan U nou aanvaar, en ek gaan die Doop van die Heilige Gees ontvang. Ek wil Dit hê. Ek gee nie om wat die wêreld te sê het nie. Ek gaan nou ontvang. U het my belowe."

201 En, luister, elkeen hierbinne wat julle hand gehou het, julle het geluister na hierdie diens—hierdie dienste. Niemand hierbinne kan na Jesus toe kom tensy God hom trek nie. Wat doen dit? Wat maak daardie begeerte? God is hier. God is hier.

202 Luister, vriend, as God my gebed sal hoor, as 'n man, as jy glo dat ek Sy profeet is, en jy het die koerante en die tydskrifte gelees, en boeke en owerhede, en kyk daar agter na daardie foto's

wat hulle agter die deur verkoop in die aand, van daardie Engel van God, Vuurvlam, dieselfde Een waarvan ek hier lees in die brandende bos, en jy glo dat ek God se dienskneg is, en jy glo dat Hy my gebed sal verhoor, en jou gebed sal verhoor as jy sal bid, sal jy graag uit jou sitplek wil opstaan? Het jy soveel egte oortuiging? Kom hier en staan by hierdie altaar, en sê: "Broer Branham, as Hy die oë van die blindes sal oopmaak, sal Hy my van my sondes vergewe." God seën jou, jong man, om jouself die eerste een te maak om te beweeg. Wie sal hierdie jong man na hierdie altaar toe volg?

203 Ek wil hê die predikers van hierdie gebou moet kom, in die gebou, kom hier na die altaar toe net 'n oomblik, elke prediker. (Kom, jong dame. God seën jou. Iemand anders nou.) Ek wil hê die predikers moet hier opkom bo-op die platvorm, as julle sal.

204 Sondaar, vriend. Kom reguit nader, jong man. God seën jou. Kom reguit nader en kniel net daar. God seën jou, meneer, kom jy. God seën jou, dame. God seën jou. Iemand anders kom hier op na die altaar en kniel. Is jy sonder God, sonder Christus, vanaand, in 'n vervreemde wêreld?

O, sê jy: "Dit word 'n bietjie laat, en my mense wag."

205 'n Kreupel meisietjie wat naderkom. Skaam julle gesonde mense. Is jy 'n vreemdeling vir God vanaand, sonder God, sonder Christus, wat sterf in sonde en skande? Sal jy nie kom nie? Sal jy genoeg van 'n man of vrou wees, met gewone ordentlikheid, om op te staan en te sê: "Broer Branham, ek kom hiernatoe, ek wil jou hand skud en hier neerkniel by die altaar. Ek wil Jesus Christus aanvaar as my Verlosser net nou"? Sal jy kom?

206 Al daardie hande op, wil jy vir my sê, bewus dat jy hier staan in die Teenwoordigheid van God, bewus dat jy in hierdie toestand is, en steeds weier om na 'n altaar toe te kom? Wat as jou hart vanaand stop wanneer jy huis toe gaan? Wat as jy 'n ongeluk het en jy's in 'n hospitaal 'n uur van nou af, die bloed wat uit jou liggaam uitgaan, en jy wat skree, maar niemand om te bid nie? God het gesê: "As julle My nou verloën, sal Ek vir julle lag in julle ongeregtigheid." Sal julle nie kom nie? Regtig? Bedoel jy dat jy genoeg oortuig was dat die Heilige Gees hier is, dat jy jou hand sal opsteek, en nie na die altaar toe wil kom nie? Wat op aarde is voor jou?

207 God seën jou, meneer. Ek sien dat jy ook 'n siek man is, dat jy kom. Nie waar nie? Jy ly aan TB. Nie waar nie? Hy gaan jou hier genees by die altaar vanaand. Jy's 'n vreemdeling vir my, maar ek weet wat jy is en wie jy is.

208 Die Heilige Gees het reg in die diens geval daar. En daardie Engel van God staan op die platvorm. Julle was in die dienste, julle weet wat dit beteken. Nie waar nie?

Die man gaan vanaand genees word. God het gespreek net toe hy daar opgestaan het.

209 God seën jou, seun, kom net nader. Kom, in trane, en oë vol trane. God seën jou, suster, kom net nader. God seën jou, kom, kniel om die altaar. Sal julle nie kom nie?

> O Lam van God, ek kom! Ek kom!
>
> Net soos ek . . .

210 God seën jou, seuntjie. Dis wonderlik. Sal iemand anders nie? Party van julle jongmense daaragter nou, julle het dit al vir 'n lang tyd uitgestel. Hierdie is die tyd. Hierdie is die uur.

> . . . siel van een donker vlek,

211 Iemand help moeder daaragter met daardie baba, iemand asseblief. Sy wil na die altaar toe kom, haar man is hierbo. Help van julle die baba, of hou die baba vas, laat die moeder kom. God seën julle. Komaan, moeder. Dis reg. Hulle sal sorg vir jou kleintjie. Kom, word 'n ware moeder vir Jesus Christus en jou kinders.

212 God seën jou, suster, dis goed. God seën jou, dame. Dis die manier om te kom en oor jou senuweeagtigheid te kom. Het daardie senuweeprobleem en gewoontes en dinge gehad, dit sal jou nou daar verlaat terwyl jy staan.

213 Die Engel van die Here staan net hier by hierdie platvorm. As julle glo dat ek Sy profeet is, gehoorsaam en doen wat ek julle nou sê, kyk of Dit nie reg is nie.

> Om my siel te reinig van een donker vlek,
> Na U, Wie se Bloed . . . (God seën jou, seun.) . . . elke vlek reinig,
> O Lam van . . . (God seën jou, moeder.) . . . Ek kom! Ek kom!

214 Wil enige van die res van julle kom? Die Heilige Gees sê vir my daar's nog verskeie mense daarbinne. Wees eerlik met God, sal julle nie? Wat gaan julle verloor, om hier op te stap na die altaar en 'n bietjie te bid? Julle gaan iewers bid. As julle nie hier bid nie, gaan julle in die hel bid. Die ryk man het sy oë opgeslaan. Nou, as julle glo, as julle God se Woord glo, en glo dat ek die Waarheid vertel, as God die Waarheid bevestig het, daar's mans en vroue hierbinne wat net nou by hierdie altaar behoort te wees. Die Heilige Gees praat, sê so. Kom! God seën jou, suster, jy's net een van hulle. Komaan. God seën jou. Kom nou, waar julle ook al is. Jonk of oud, kom.

215 Laat ons staan. Al julle mense in julle sitplekke, staan terwyl ons nou een vers hiervan sing. Komaan nou, kom rondom, laat ons ons pad na die altaar toe vind. Julle behoort aan die kerk, sê julle. Dit is nie genoeg nie. "Tensy 'n mens wedergebore word, sal hy op geen manier in die Koninkryk ingaan nie." Kom nou.

> Net soos . . . (Almal.) . . . Ek . . .

216 Wil julle nie uitkom nie? Wil julle nie nou in die paadjie afkom nie? Kom hier en ontmoet my by die altaar. [Broer Branham verlaat die preekstoel, baie van sy woorde is onherkenbaar—Red.] . . .? . . . God seën jou . . .? . . . nog een.

Net soos . . . (God seën jou, Broer Joe . . .? . . .)
Dat soos U Bloed gestort is . . .? . . .
. . . soos ek is . . .? . . .
. . . van God, ek kom! Ek kom!

Net soos ek is, en sonder verwyl,
Om my siel te bevry (hoeveel?) van een donker vlek,
Na U, Wie se Bloed elke vlek kan reinig,
O Lam van God, ek . . .

217 Hoeveel hierbinne sê: "Broer Branham bid vir my, ek's nie dapper genoeg om op te kom nie. Ek wil hê jy moet vir my bid"? Steek nou jou hand op terwyl ons dit weer sing. Gaan net voort. Steek jou hand op, sê: "Broer Branham, bid vir my."

God seën jou, suster . . .? . . . Die Heilige Gees het lewendig geword . . .? . . . Ek het gesien . . .? . . . jou . . .? . . . geroep deur die Heilige Gees . . .? . . . altaar-oproep . . .? . . .

53-0328 Israel En Die Kerk #4
Branham Tabernakel
Jeffersonville, Indiana V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org